


# ST. VINCENT PALLOTTI
# 22 JANUARIE

(1795-1850)

Gebore in Rome as die seun van 'n kruidenier word hy op 23-jarige ouderdom tot priester gewy. Hy verwerf sy doktoraat in teologie en dien in verskeie parogies in Rome. Hy sien dit as sy apostoliese roeping om met beide die klerus en leke te werk vir hulle persoonlike bekering en om sosiale geregtigheid te bewerkstellig. Hieruit groei die Genootskap van die Katolieke Apostolaat wat in 1835 formeel opgerig is. Hy begin met twaalf volgelinge en mettertyd sou die Pallottini's (soos hulle bekend staan) oor die hele wêreld versprei. Hy het baie gedoen om die armes te help en hul geloofskennis te verdiep.

© Die Oratorium Uitgewery